

Inhoud Hierdie preek wys dat met die bede “Laat U koninkryk” kom, bid ons tot God die Vader dat Hy sy koninkryk deur sy Seun sal laat kom, en nie deur ons nie. Christus het deur sy lyding en opstanding vir sondaars die kerk geskep waarin Hy God se verbondsbelofte vir hulle waar laat wees. Dit is hoe Christus sy Vader se koninkryk laat kom. Geestelikes wil net soos Jesus se dissipels dat God sy koninkryk deur hulle sal laat kom. Daarom bid hulle nie maar fluister vir God uitnodigings en aanbiedings tot magsdeling. Dit doen hulle in die ongeloof van die apostels Johannes en Jakobus dat hulle ook Jesus se lydensbeker met Jesus kan deel. Gelowiges bid dat die Vader sy koninkryk deur sy Seun sal laat kom, sodat hulle net kinders in en getuies van die koninkryk kan wees, nooit medeleiers, medeleermeesters en medevaders van God se koninkryk nie.

Skriflesing Mat.1:1, 21- 23; 6: 9,10; 16: 21-23; 20:20-22,25; 22: 41-44; 23: 1-3; 28: 16 -20.

Teks 6:1 “Laat U koninkryk kom.

Tema Christus regeer ons deur God se beloftes vir ons waar te maak, nie sy wet af te dwing nie

1. Die “Ons Vader” is hoe ons Christus as God aanbid, net soos sy dissipels Hom as God aanbid het, toe hulle Hom na sy opstanding uit die dood op die berg waar die Here hulle ontmoet het, aanbid het. (Mat.28:17)

Daarom leer Christus ons met die bede: “Laat U koninkryk kom”, dat ons God die Vader moet vra dat Christus God se koninkryk sal laat kom. God die Vader laat nie sy koninkryk deur ons kom nie, maar deur sy Seun.

Wie God die Vader vra dat Hy sy koninkryk deur sy Seun sal laat kom, is besig om te bid, is besig met aanbidding van die Vader en sy Seun. Wie God vra dat Hy sy koninkryk deur hulle wat bid, sal laat kom, is nie besig met ’n gebed of aanbidding nie. Dit is ’n aanbod aan God waarin mense hul self bereid verklaar dat God sy koninkryk deur hulle kan laat kom. Dit is ’n aanbod vir magsdeling met God. Magsdeling met God is nie aanbidding van God nie. Dit is totaal iets anders as die aanbidding van Christus as God wanneer jy jouself aanbied as iemand deur wie God sy koninkryk moet laat kom, terwyl die Vader sy koninkryk net deur sy Seun laat kom. Dit is identifikasie met die mag en krag van God, nie aanbidding nie.

2. Deur wie laat die Vader sy koninkryk kom, deur Christus of deur ons?

Hierdie teenstelling is van af die begin van Jesus se openbare werk as die Christus tot en met sy opstanding uit die dood, die spanning tussen, die verskil met, die

konfrontasie tussen en die vervreemding van Jesus se dissipels en die Joodse geestelike leiers aan die een kant, en Jesus as Christus aan die anderkant.

Beide die dissipels en die Jode wou dat God sy koninkryk laat kom, oprig, vestig, handhaaf en uitbrei – deur hulle. Jesus openbaar hierteenoor dat net Hy, sonder sy dissipels of die Jode, God se nuwe koninkryk instel, vestig, handhaaf en uitbrei.

Daarom is die Matteus evangelie 'n getuigenis van die botsing tussen twee koninkryke, twee maniere waarop God regeer: die koninkryk wat die dissipels wou hê dat God deur hulle sou laat kom en die koninkryk wat Christus alleen laat kom.

3. Twee verskillende soorte koninkryke met twee verskillende magsetels!

Die twee verskillende magsetels van hierdie twee verskillende koninkryke stel die Here Jesus aan die orde in Matteus 22 en 23. Die twee magsetels is:

- die troon van Christus aan die regterhand van die Vader in die hemel, en
- die stoel van Moses in Jerusalem. (Mat.23: 2 Direkte Afrikaanse vertaling.)

Die Jode het probeer uitwys dat Jesus nie die koninkryk van God kan laat kom nie omdat Hy 'n valse Christus is. Die Herodiane wou wys Hy is 'n regse Joodse nasionalis wat geweld teen die Romeinse owerheid aanhits in die Naam van God; (Mat.22: 15 – 22); die Sadduseërs wou wys Jesus is 'n fundamentalis omdat Hy aan die letterlike opstanding van mense uit die dood uit glo (Mat.22: 23 – 33) en die Fariseërs wou wys Jesus is 'n liefdelose mens wat wetteloosheid bevorder. (Mat.22: 34 – 40) Met elkeen van hierdie drie oordele het hulle geglo, dat hulle bewys dat God nie sy koninkryk deur Christus kan laat kom, soos God dit deur hulle laat kom nie.

Met een vraag wys Christus dat Hy nie gekom het om op die stoel, die magsposisie van Moses in Jerusalem te sit nie: Hy is die Seun van Dawid en die Seun van God volgens die Dawidsbelofte, wie aan die regterhand van die Vader in die hemel gaan sit, nie op die stoel van Moses in Jerusalem nie. (Mat.22: 41 – 46)

4. In Matteus 28 verklaar die Here Jesus dat Hy nou die Here van die koninkryk is wat Hy deur sy lyding en opstanding opgerig het in twee magsuitsprake:

1. Aan My is alle mag op hemel en op aarde gegee, en
2. Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding.

Hierdie twee magsuitsprake vanaf die regterhand van die Vader in die hemel, is wat reeds oor die Here Jesus in Matteus 1 vers 11 aangekondig word: Hy is die Seun van Dawid en die Seun van Abraham. As Seun van Dawid ontvang Hy van die Vader

die Dawidsbelofte (2 Sameul 7: 11 –) en as Seun van Abraham ontvang Hy van die Vader die Abrahamsbeloftes (Esegiël 36: 24 –) Dit is die mag wat Christus ontvang, vestig, handhaaf en uitbou: Hy vervul hierdie twee ondernemings van God.

As Seun van die Vader en Dawid, bou Hy die kerk, sy tempel, en as Seun van die Vader en van Abraham, maak Hy hierdie ondernemings in en vir sy kinders waar:

1. Hy bevry ons van al ons afgodery,
2. Hy reinig ons van alles waarmee ons onself vir God verontreinig het,
3. Hy gee vir ons 'n hart, siel en verstand wat God volgens sy wet liefhet,
4. Hy neem die hart in ons wat God se mag, krag, lewe en Naam as ons eie wil ervaar weg,
5. Hy sluit ons in sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid in deur die Heilige Gees wat Hy vir ons gee. (Eseg. 36:24 –)

Die magsverklarings “aan My is alle mag op hemel en op aarde gegee” en “Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld,” beteken nie somer net dat Jesus Christus saam en by ons is nie. Dit benaming: “Immanuel”, 1:23 en die uitspraak “Ek is met julle” beteken Christus regeer ons deur die Here te wees wat hierdie beloftes van God elke dag in ons lewe laat waar wees.

Dit is hoe die Seun van die Vader, wie ook die Seun van Dawid en Abraham is, sy Vader se koninkryk laat kom! Hy word die Here wat met alle mag sy kerk vestig, in standhou, bewaar en uitbrei, en die Here wat ons regeer deur sy beloftes in ons lewe waar te maak elke dag.

Hy dwing ons nie met sy wet om afgodery te los nie. Hy vat ons weg uit ons afgodery. Hy stel ons nie voor die eis om ons rein te maak nie, Hy maak ons rein. Hy eis nie liefde nie, maar gee ons 'n hart wat liefhet. Hy bied nie sy liefde aan nie, maar sluit ons in sy liefde in. Só regeer Hy ons deur God se beloftes in ons lewe waar te maak.

6. Waardeur het Christus hierdie mag ontvang en maak Hy God se ondernemings in en vir ons waar?

Hy doen dit alleen deur sy lyding, kruisiging, sterwe, opstanding as mens uit die dood, hemelvaart en om alleen aan die regterhand van die Vader in die hemel te gaan sit. Hy bou sy kerk as Seun van Dawid en as Seun van die Vader deur ons in te sluit in sy liggaam, in sy menswees vir ons in die hemel, sodat ons deel in wie Hy vir ons in sy lyding, kruisiging en sterwe was, en ons nou deel in wie Hy as heilige, smetlose en foutlose mens in die hemel is.

Só regeer Christus sy kerk, sy koninkryk! As Seun van die Vader en van Abraham laat Hy al God se beloftes in ons lewe waar wees! Dit is presies wat die Here vir die eerste keer vir sy dissipels aankondig in Matteus 16: 21.

Só! Deur as Christus vir sondaars te ly, gekruisig te word, te sterf, uit die dood uit op te staan, op te vaar na die hemel en aan God die Vader se regterhand te gaan sit, gaan Hy die koninkryk van God laat kom! Gaan Hy mense deel maak van sy kerk waar hulle binne die liefde van sy Vader leef.

7. Die dissipels se reaksie teen hierdie koninkryk wat Christus nou hier in Mat. 16:21 aankondig, was onmiddellik en heftig gewees in die persoon en optrede van Petrus. Nie in sy persoonlike hoedanigheid of oortuiging nie, maar as segsman en verteenwoordiger van elke dissipel.

Sy dissipels wou gehad het Jesus moet op die troon van Moses in Jerusalem gaan sit. Hy moes die Christus, die Messias word deur met die krag en mag van sy wonderwerke, die Joodse volk, en deur die Joodse volk die hele wêreld aan die wet van God te onderwerp vanuit Jerusalem as die hoofsetel van God se mag op aarde. Hulle wou soos die Moslems 'n Mekka gehad het wat die hele wêreld aan die goddelike wette van Islam onderwerp.

Wat is hierdie stoel van Moses in Jerusalem waarin die dissipels en die Jode geglo het?

Dit is nie 'n magsetel wat God ooit ingestel het nie. Dit is presies net wat God eeue van tevore reeds in die sug na 'n goddelike leier in die versoek van die volk Israel vir 'n koning, soos al die ander heidense konings, verwerp het in 1 Samuel 8: 1 – 10. Die wet van God was en sal nooit die magsetel wees vir Moses, vir die Jode, die die Here se dissipels of vir enige ander geestelike groep wat hulle op só 'n magsetel wil beroep nie.

Die stoel, die troon of mag van Moses in Jerusalem is 'n geestelike, goddelike mag wat die Jode oor God se kerk geskep het om die hele wêreld aan te onderwerp. Christus beskryf hierdie selfopgemaakte geestelike mag in Matteus 23: 1 – 12. Dit is 'n geestelike mag wat

1. Nuwe geestelike wette uitdink, voorhou en afdwing as God se wette, wat niks met God se het te doen het nie. 23: 4
2. Dit is 'n geestelike mag waarin die leiers van hierdie geestelikheid vir gelowiges ondraagbare godsdienstige laste oplê, wat hulle self nie dra nie. 23: 4
3. Want hulle sien hul self as mense wat God uitbeeld en wys, sodat in hulle God se visie, missie en lewe gesien kan word, terwyl hulle self niks doen nie, maar net geestelike direkteure en bestuurders is. 23: 5,6.

4. Hulle wil gelowiges se geestelike leiers, leermeesters en vaders wees.
5. Hulle verwag dat Christus hierdie posisie vir hulle in mense, die volk en gemeenskap se hart en verstand sal gee, deur God se wet op hulle af te dwing.

Die Jode het Jesus doodgemaak om hierdie stoel van Moses teen Jesus te beskerm, en sy dissipels wou gehad het dat hy die leiers in Jerusalem sou verdryf sodat hulle saam met Jesus op die stoel van Moses in Jerusalem sal kan sit.

8. Die verskil in hoe Jesus Christus as die Seun van die Vader, die Vader se Ryk laat kom en hoe die dissipels wou gehad het God se Ryk deur hulle moes laat kom, wys in drie spesifieke botsing tussen Jesus en sy dissipels.

1. In Petrus wat Jesus tereg wys om vir sondaar te wil sterf en uit die dood uit te wil opstaan,
2. in Johannes en Jakobus se versoek om Jesus se opvolgers te wees, en
3. in elke dissipel wat Jesus met sy kruisiging verlaat en Petrus wat Hom verloën.

In Mat. 16: 22 wys Petrus Jesus tereg oor hoe Hy die Christus, die Messias moet gaan wees in Jerusalem. Net na Christus vir die eerste keer vir hulle openbaar dat Hy die Christus is wat in Jerusalem onder die familiehoofde, leierpriesters en skrifgeleerdes vir sondaar se sondes moet gaan ly, gekruisig word, sterf en uit die dood opstaan en opvaar na die hemel om God se koninkryk só te laat kom, gaan Petrus hom heftig en openlik teë. Tereg wys in hierdie gedeelte beteken dat Petrus vir Jesus aanspreek en wys dat Hy 'n fout maak as Hy dink Hy kan só God se koninkryk laat kom. Hy stel dat God self Jesus sal keer om op hierdie wyse die Messias te wil probeer wees. God sal vir Jesus nie toelaat om só te sterf en uit die dood uit op te staan nie, want God gaan vir Jesus die stoel van Moses in Jerusalem gee om op te sit. Jesus moet die familiehoofde, leierpriesters en skrifgeleerdes se houvass op die stoel van Moses breek, sodat Hy daarop kan gaan sit!

9. In Matteus 20: 20 – 28 vra die dissipels Johannes en Jakobus om wanneer Hy in Jerusalem op die troon van Moses gaan sit, hulle aan sy linker en regterkant te laat sit. Hulle versoek dat Jesus Hy hulle as Christus nommer een en Christus nommer twee aanwys, wat Hom sal opvolg wanneer Hy doodgaan. Dan sal hulle na sy dood weer as die nuwe Christus in die plek van Jesus in Jerusalem op die troon van Moses sit! Die opvolg op die troon van Moses sal dan só verloop: eers Jesus Christus, dan Johannes Christus en dan Jakobus Christus.

Jesus stel hulle voor die onmoontlikheid van wat hulle vra deur met 'n vraag vir hulle te wys hulle kan glad nie doen wat Hy as die Christus doen nie – hulle kan nie vir sondaars ly, gekruisig word, sterf en uit die dood opstaan soos Hy nie. Hulle kan nie sy lydensbeker drink nie. Dan volg hierdie geweldige magsverklaring deur die twee

broers toe Jesus vir hulle vra of hulle sy beker as Christus kan drink, bedoelende of hulle vir sonde se sondes kan ly, gekruisig word, kan sterf, uit die dood uit opstaan en opvaar na die hemel om só die Vader se koninkryk te laat kom. Hulle antwoord beslis en selfversekerd: “Ons kan!” Ons kan doen wat jy as Christus in Jerusalem gaan doen. Hulle glo dat God sy koninkryk deur hulle kan laat kom, net soos God dit deur Jesus laat kom!

Hier is die botsing tussen hoe net Christus God se koninkryk laat kom en hoe die dissipels wou hê dat God sy koninkryk ook deur hulle sal laat kom, op sy duidelikste sigbaar in die Evangelie Matteus. Hulle verklaar dat God sy koninkryk ook deur hulle kan laat kom net soos wat dit deur Jesus in Jerusalem sal laat kom.

Jesus wys hulle koninkrykverwagting af, deur te stel dat hulle die nagmaalsbeker sal drink, maar nie soos Hy die Christus sal wees en die koninkryk sal laat kom soos Hy dit deur sy lyding en opstanding gaan laat kom nie. In sy koninkryk is hulle lede van sy liggaam, ingesluit in wie Hy vir hulle in hulle plek is, nie mede-Christusse nie.

10. Die finale botsing tussen hierdie twee koninkryke kom wanneer al sy dissipels Hom verlaat en Petrus Hom as die Christus verloën.

Die grootste fout wat ons in die verstaan van die evangelie maak, is om te dink dat die dissipels lafaards was en nie vir hulle geloof wou ly nie. Dit is totaal misplaas! Hier vind die finale breuk plaas tussen Jesus Christus se koninkryk en die dissipels se koninkryk van God.

Toe hulle met swaarde wou veg dat Jesus nie gevange geneem word deur hulle wat die stoel van Moses verdedig nie, het Jesus hulle gekeer en Homself aan hulle oorgegee. Hulle het geweet dat Hy nou Homself oorgee om gekruisig te word en te sterf soos Hy vertel het wat in Jerusalem met Hom sal gebeur. In hierdie koninkryk wat Jesus nou voor wil instaan, kon hulle en wou hulle nie glo nie. Hulle kon nie aanvaar dat God sy koninkryk op hierdie wyse deur Jesus laat kom nie, want só sou nie of Jesus of hulle ooit op die stoel van Moses kon gaan sit het nie.

En toe bring Jesus Christus die koninkryk van die Vader deur vir hulle sondes te ly en uit die dood uit op te staan om so aan die regterhand van die Vader, nie op die stoel van Moses nie, vir hulle al die verbondsbeloftes van God in en vir hulle waar te maak. Christus maak hulle kinders en getuies van die koninkryk wat net Hy laat kom, nie medeleiers, mederegeerders en medeleermeesters in God se Ryk nie.

10. Hoe bid ons vandag die bede tot God die Vader: “Laat U koninkryk kom!”?

Bid ons dit só: “Laat U koninkryk deur ons kom” of bid ons dit só: “Vader, laat U koninkryk asseblief nie deur ons nie maar net deur U Seun aan U regterhand kom!”

Gemeente, ons aanbid mos Christus as die Here, net soos sy dissipels Hom in Matteus 28 as God en Here aanbid het toe hulle Hom as die opgestane Here gesien het! Daarom bid ons altyd met hierdie bedoeling die “Ons Vader”- Vader, laat U koninkryk deur U Seun aan U regterhand vir ons kom!”

Wanneer ons Christus so saam met die Vader as God in hierdie bede aanroep, dan bid ons soos volg:

- Ons bid dat God die Vader ons deur sy Seun sal bekeer uit die koninkryksopvatting, koninkryksideale, koninkryksverwagtings en koninkryksbegeertes dat ons met God mag deel. Ons bid dat god ons sal bekeer deur te glo dat net Christus deur sy lyding en opstanding ons insluit in sy nuwe wyse om sondaars te regeer.
- Met hierdie bede “Laat U koninkryk deur u Seun kom”, bid ons dat die Vader ons sal inlyf in die liggaam van sy Seun as mens aan sy regterhand sodat ons ingesluit en deel van die lyding en opstanding van sy Seun as mens kan wees, en só lede van sy kerk kan wees.
- Met hierdie bede: “Laat u koninkryk deur U Seun kom”, bid ons dat die Vader ons sal regeer deur al sy verbondsbeloftes vir en ons sal waarmaak, dat Hy ons nie deur die oordeel, straf en vloek van sy wet sal onderwerp nie, maar ons van ons sondes sal reinig, ons sal versamel, ons ’n hart sal gee wat Ho sal liefhê en die hart waarmee ons sy krag, mag en lewe met Hom wil deel uit ons sal wegvat.
- Met hierdie bede: “Laat U koninkryk deur U Seun kom”, bid ons dat die Vader ons sal bewaar van die “stoel van Moses op aarde”. Daardie geestelike bewegings wat vir God hier op aarde ’n nuwe magsetel in hul harte, hul lewe, hul gesinne, hul gemeenskap, hul volk en hul nasie wil skep, sodat hulle vir ons geestelike leiers, leermeesters en vaders kan wees.

Ons bid tot God: “Laat U koninkryk asseblief deur U Seun aan U regterhand vir ons kom en nie deur hulle wat hier op die aarde goddelike en geestelike magsetels vir God oprig nie.”

11. Ons mag nooit saam met die geestelikes van hierdie wêreld bid, of soos hulle bid nie, want hulle bid vir die koninkryk wat Jesus se dissipels wou gehad het. Wanneer hulle tot God bid: “Laat U koninkryk kom” bedoel hulle altyd dat God sy koninkryk deur hulle op aarde sal laat kom. Daarom is dit geen gebed nie maar ’n aanbod vir God om sy mag met Hom te deel.

Met die gebed: “Laat U koninkryk deur ons op aarde kom”, bied hulle altyd vir God aan dat hulle vir God

1. 'n troon van Moses op aarde sal skep,
2. hulle God se missie en visie op aarde sal uitvoer,
3. hulle vir mense God se nuwe geestelike riglyne en regulasies sal opstel,
4. hulle God sal uitbeeld as die rolmodel vir die uitvoering van hierdie nuwe regulasies en
5. dat hulle hul self gee om vir God sy leiers, leermeesters en vaders te wees om sy volk mee te regeer.

Daarom is hulle aanroep van God “Laat ons vir U U koninkryk bou”, nie 'n gebed nie maar 'n magsverklaring om namens God mense, gesinne, gemeenskappe, volke en nasies aan God te onderwerp.

As U twyfel of dit hulle bedoeling is met hul magsaanbiedinge wat hulle aan God maak wat hulle kamstig as gebede fluister, wat dink U is die amptelike titel en verwysing na die Pous in Rome, deur die Rooms Katolieke Kerk, homself en elke Rooms Katoliek? Dit is “Jesus op aarde.” Hy verteenwoordig Jesus in die hemel op aarde. Daarom sit Hy op die stoel van Petrus wat Christus aangestel het as sy opvolger op aarde. Die pous sit op dit wat die Here uitwys as die “stoel van Moses”, dit wat die dissipels wou gehad het – God se magsetel op aarde.

Dit is tog mos wat elke keer met elke nuwe geestelike bedryf aangekondig en uitgeroep word: ons gaan God se nuwe magsetel op die vlaktes van Bloemfontein, die Karoo en die vliegvelde van Pretoria instel, en dan gaan God weer die land deur ons regeer. God gaan deur ons sy koninkryk in Suid Afrika en sommer in Afrika laat kom! Elke geestelike herlewing en vernuwing is niks anders as mense wat “die stoel van Moses” op aarde oprig nie.

12. Hoekom mag ons nie hierdie magsverklarings en magsaanbiedinge aan God saam met hulle fluister asof dit gebede is nie?

Want met hierdie aanbiedinge aan God verklaar hulle net soos Johannes en Jakobus: ons kan! Ons kan ook die lydensbeker drink wat Jesus as die Christus gedrink het. Dit is nie sommer net 'n moedswillige toedigsel aan hierdie geestelikes nie. Hulle leef met die innerlike hoogmoed en eiwaan dat hulle net soos die Christus kan ly om die koninkryk van God in en deur hulle te laat kom.

Hulle noem hulle manier om net soos die Christus te ly sodat God sy koninkryk deur hulle kan laat kom – hulle bekering!

- Hulle verneder hulle self voor die oordeel van God kamstig net soos Jesus in sy lyding in die oordeel van God verneder is.
- Hulle kruisig hulle eie-ek en eie-belange, kamstig net soos Jesus gekruisig is.
- Hulle maak hulle eie-ek dood kamstig net soos Jesus dood gemaak is.

- Hulle laat God se goddelikheid in hulle opstaan kamstig net soos Jesus uit die dood uit opgestaan het.
- Hulle beklee hul self met God se mag, krag, lewe en outoriteit net soos Jesus kamstig aan die regterhand van God gaan sit het.

Dit is die bekering waarmee die geestelikes vandag vir Jesus as Here en Christus sê: “Ons Kan! Ons kan net die lydensbeker drink wat jy as die Christus gedrink het! Ons kan ook dat God sy koninkryk deur ons laat kom net soos God sy koninkryk deur U laat kom het.”

13. Kom ons bid soos gelowiges: “Ons Vader laat U koninkryk deur U Seun aan U regterhand kom!”

Wie in die geloof in Christus só bid, as mense wat net die nagmaalsbeker van die Here kan drink en nooit sy lydensbeker saam met Hom kan drink nie. Ons bid as kinders wat ingesluit is en deel in die liggaam van die Here as mens in die hemel sodat ons nooit deel hoef te wees van die lydensbeker wat die Here gedrink het deur die oordeel, vloek, straf en verwerping van God te gedra het soos net Jesus Christus dit kon gedoen het nie. Ons bid as kinders van God wie nooit soos Christus kan wees en nooit die koninkryk deur ons kan laat kom nie.

Ons bid as gelowiges: “Ons Vader laat U koninkryk deur U Seun kom!”, as getuies van die koninkryk, nie as medebouers en regeerders van die koninkryk nie. Ons getuig oor hoe Christus alleen ons insluit en laat deel in sy genadeheerskappy om sy kinders te wees. Ons getuig van sy lydensbeker en drink sy nagmaalsbeker as getuienis van hoe Hy alleen sy koninkryk in sy kerk, gevestig het, uitoefen, handhaaf en uitbou deur sy lyding en opstanding.

Daarom bid ons nooit met die hoëvaardige en aanmatigende ongeloof soos geestelikes dit vandag in kerke doen nie: “Hier is ons! Laat u koninkryk deur ons kom!”